

9 September

**Skrifgedeelte: Hosea 3
Fokusgedeelte: Hosea 3:5**

God se liefde-opvoeding lei tot terugkeer

In sy verhouding met 'n ongere vrou moes Hosea uitbeeld hoe die Here sy ontroue volk liefhet. Hosea moes met haar trou en later het sy, trou aan haar reputasie, hom verlaat. Tog kry Hosea die opdrag om haar weer lief te hê (vs 1). Wat 'n moeilike opdrag!

Net so het die Here ons liefgehad toe ons nog sy vyande was (Rom 5:8, 10). Juis daarom mag ons bou op sy liefde wat ons anker aan Hom.

Hy moes haar terugkoop. Eers moes Hosea haar liefhê met onthouding – sy moes vir hom wag en nie ander verhoudings aangaan nie. So gaan die Here sy volk wegneem en ontwortel uit al haar bekende sekerhede. Hierna wys vers 4: Net so sal die Israëliete 'n lang tyd moet klaarkom sonder ...

Is dit nie vreeslik dat die Here hulle eers na 'n vreemde land moes wegneem nie? Dan eers sou hulle onthouding leer. Dan eers sou hulle besef dat God hulle God is. Dan eers sou trou weer moontlik wees. Dit het so gebeur: na die volk uit ballingskap teruggekeer het, was hulle klaar met die Kanaänitiese afgode.

So berei die Here sy volk voor vir bekering en om Hom heelhartig te soek en te eer. Vers 5 praat ook van terugkeer na koning Dawid – dit wys heen op ons ewige Koning Christus in Wie ons sekerheid mag hê en wat ons die goeie dinge van die laaste dae sal skenk.

Laat ons daagliks terugkeer na Hom toe – by Hom is die goeie dinge van die toekoms.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2

Ds PA Odendaal(Harrismith/QwaQwa)